SAPEX
Your fruit is our business

WEEK 50

12 Desember 2025

# TAFELDRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Paktoestende in die Marble Hall/Groblersdal omgewing was tot op hede besonder uitdagend. Dit het baie gereën en die uitvoerkwaliteit van die tafeldruiwe was maar meestal onder verdenking. Daar is baie gesukkel met suikers en sure het ook gedaal. Almal is dus maar bekommerd oor die houvermoë van die druiwe. Baie druiwe is dus eerder op die lokale mark gefokus wat natuurlik die pryse onder baie druk gebring het. Die meeste van die vroeë wit- en rooipitloos is nou afgepak en die eerste swart gepit is ook al gepak.

In die Oranjerivier het die pakseisoen stadig afgeskop. Daar hang ’n goeie oes en korrelgrootte is baie goed. Suikers het oor die algemeen baie stadig opgegaan. Goeie volumes is die afgelope twee weke gepak en die meeste vroeë wit- en rooipitloos is klaar gepak. Daar is nog so ’n bietjie ARRA29 oor. Die eerste reën van die pakseisoen het vannag geval en aanduidinge is dat daar nog bietjie deur die loop van die dag sal val. Die pakstore staan dus vandag.

Die hawe van Kaapstad het in die laaste weke nie teen volle operasionele kapasiteit gewerk nie as gevolg van oormatige en aanhoudende wind. Nuwe toerusting en die nodige veranderinge aan personeelskedulering is aangebring, maar soms triomfeer moeder natuur se wens bo alles. Om dit in perspektief te plaas. Tot en met week 49 is vanjaar slegs 26.7% van al die druiwe wat in Suid-Afrika geinspekteer is weggelaai. Die ooreenstemmende syfer laasjaar is 55.6%. Die groot verskil kan aan die baie ure/dae wat weens hoë windspoed verlore gegaan het toegeskryf word.

Sapex het twee weke gelede ‘n klompie houers weg van die Kaap af herlei na Gqeberha om op die Maersk Pangani te laai. Dit is gedeeltelik gedoen om die druiwe nie onnodig te laat staan nie, maar die hoofrede was om te verseker dat ons houers betyds in Europa kan wees vir die voor-Kersfees verkope. Die skip is geskeduleer om op 16 Desember in Rotterdam aan te kom.

Die boot wat in die Kaap gelaai het, die Kalahari Express, het toe wel ’n week laat geseil, maar meer as 70 houers kon nie gelaai word nie en staan oor vir die volgende skip. Gelukkig is geen van ons houers agtergelaat nie. Die Kalahari Express kom nou eers 23 Desember in Europa aan en gaan die Kersverkope heeltemal mis. Die meeste van die druiwe sal nou eers in die nuwe jaar verkoop word.

Die boot wat tans gelaai word, die Santa Cruz, se laaitydperk is baie verleng en gaan nou eers op 16 Desember vertrek (hopelik met al die houers aan boord wat laas agtergelaat is). Die verwagte arrivering in Europa is 30 Desember. Sapex het heelwat houers op die boot en die druiwe sal dus in die eerste gedeelte van Januarie verkoop word.

**Marktoestande Europa en VK.**

Ons voorspel, met die huidige mark informasie tot ons beskikking, dat die Januarie-verkoopsmaand onder heelwat meer druk sal wees as verlede seisoen. Prysaanduidinge wat ons inkry is tans heelwat laer as verlede seisoen.

Daar is twee "halwe" weke met openbare vakansiedae wat beide pak- en verkoops-momentum belemmer. Die positiewe wat ons sien is dat die mark teen Januarie omtrent ten volle op Suid-Afrikaanse en Namibiese druiwe sal fokus, aangesien Peru in die laaste weke na die VSA geswaai het. Alle indikasies is dat Brasilië die mark begin verlaat en minder aanbied. Die kwaliteit van hul laaste druiwe is nie na wense nie, nie op gehalte of MRL vereistes nie.

Indië het baie reën gehad en alle aanduidinge is dat hulle invloed in die mid- en laatseisoen witpitloos vanjaar minder gaan wees.

Dit is beslis ‘n seisoen om in die regte supermark rekeninge te wees, met punnet verpakking wat verkies word bo dié van losverpakking. Dus is ons gemaklik en gerus in terme van die Supermark kanale en invoerders met wie ons werk.

Daar is wel die geleentheid om 4.5kg XL/XXL in spesiale handelsmerkverpakking te pak om sodoende addisionele waarde vir die plaas te kan genereer.

**Marktoestande in Suid-Oos Asië.**

Die Oosterse markte word nog sterk bedien deur hoofsaaklik China met Shine Muscat en Crimson, asook Korea met Shine Muscat. Hierdie prysvlakke wissel tussen $10 en $12 maar die hoeveelhede raak nou minder.

Die Peruviaanse hoeveelhede in die marksegment is dramaties minder vanjaar as verlede jaar. Dit wil ook voorkom asof daar vanjaar minder Noordelike halfrond (VSA) druiwe uitgevoer is na Suid-Oos Asië. Indië het baie swak weersomstandighede beleef en daar kan verwag word dat hulle ook minder sal stuur.

Daar is ‘n vraag na nuwe, vars ingevoerde besendings en Namibië en Suid Afrika sal in die volgende twee maande die voorsieners wees. Australie kom bietjie later in die mark as SA maar beïnvloed deesdae ons verkope wesenlik.

Die eerste gekwoteerde pryse na Suid-Oos Asië wissel tussen $16.50 en $15.00 CIF vir rooi- en witpitloos. Die vraag is baie kultivar spesifiek en meeste kliënte wag vir die eerste Sweet Globe. Ons is wel tans besig om besondere mooi Arra 29 in die Oranjerivier te pak vir hierdie mark.
.
Die wisselkoers op die dollar doen nie tans vir SA ‘n guns nie. Dit is tans onder R17 teenoor die $. Verlede jaar was dit ongeveer R18.50.

Chinese Nuwe Jaar (CNY) is die seisoen op 17 Februarie 2026. Dit gee vir SA kans om nog week 1 se pak ook te verskeep om hopelik betyds vir CNY verkope te wees.

**Marktoestande in Midde-Ooste.**

Die Midde-Ooste mark is relatief goed voorsien met tafeldruiwe. Daar is tans druiwe vanaf China en Italië en dan kom Suid-Afrika nou in met die vroeë wit kultivars. Waar pryse op 4.5kg verpakking sterk begin het tussen $13.50 - $14.00 FOB, het pryse alreeds aansienlik verminder agv die groter volumes in die mark. Pryse is nou in die omgewing van $10.00 vir XL en $9.00 vir 'n L verpakking.

Die Midde-Ooste mark fokus ook sterk op wit kultivars vanuit Suid-Afrika, tot en met die begin van Crimson en Redglobe.

Geseënde Kersfees en 'n voorspoedige Nuwejaar.

Groete.

Sapex Span.